Die swart loongeskil van 1926 in Bloemfontein

Hannes Haasbroek
Nasionale Museum, Bloemfontein
Navorsingsgenoot, Universiteit van die Vrystaat
history@nasmus.co.za

Abstract

The black wage dispute of 1926 in Bloemfontein

Early in 1926, the agitation for higher minimum wages for unskilled workers once again flared up in the black community of Bloemfontein. This battle for higher wages, however, was bowed down by warring black factions that had an obvious negative effect on it. On the one hand, there were the supporters of the moderate local Native Advisory Board and on the other that of the radical national Industrial and Commercial Workers' Union (ICU). The city council and other employers were caught between these two poles. Through difficult and patient negotiations between the white and black role players, an acceptable interim minimum wage was determined, but not before the ICU withdrew from the negotiations and attempted to bring the settlement into disrepute. From the ranks of the considerably more moderate black circles, the adjustment achieved through negotiations instead of violent agitation was considered a big enough victory for the time being.

Keywords: Bloemfontein; Black wages; Wage agitation 1926; Native Advisory Board; Industrial and Commercial Workers' Union; HS Msimang; S Elias.

Inleiding

Die dekade na die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) het Bloemfontein in lyn met ander groot sentra in die land vanweë sosiaal-ekonomiese redes van sy ergste loongeskille en -opstande in swart geledere ervaar wat die stad nog opgelewer het. Eise onder swart gemeenskappe in die arbeidsmark om hoër lone en beter munisipale geriewe het toe skerp toegeneem. Deel van hierdie eise was as gevolg van die stygende pryse van gebruikersgoedere, toenemende inflasie, werkloosheid en sporadiese droogtetoestande, asook die traagheid van die heersende wit plaaslik owerheid om basiese geriewe aan die swart gemeenskap te verskaf omdat wit belange voorkeur gekry het. Dit alles het

die swart werkers met hulle merendeels karige vooroorlogse loonvlakke erg gegrief. Stedelike en plattelandse gebiede sou in 'n spiraal van geweld, protes en weerstand vasgevang word.[1]

Die drie omvangrykste loongeskille in hierdie tyd uit Bloemfontein se geskiedenis aangaande swart arbeid het onderskeidelik in 1919, 1925 en 1926 plaasgevind. In 1919 het die nasionaal bekende Henry Selby Msimang en sy ondersteuners in Bloemfontein 'n verbete poging aangewend om veral deur opruiende byeenkomste en uitsprake die swart bevolking in 'n sterk versetbeweging – soms gewelddadig maar sonder lewensverlies – teen swak lone deur veral die plaaslike owerheid en wit werkgewers van groot besighede te organiseer. Hierdie loonagitasie, wat dié leier in die tronk laat beland het, was egter nie sonder vrug nie en het 'n klein verhoging tot gevolg gehad.[2]

Dit was in teenstelling met die 1925-opstand se griewe wat nie onmiddellik aandag gekry het nie – 'n oproer wat ook met lewensverlies gepaardgegaan het. Die direkte oorsake van die gewelddadige swart oproer in 1925 was soos gewoonlik swak lone, maar hierdie keer was die drakoniese munisipale sorghumbierregulasies, wat swart mense as uiters onbillik beskou het, 'n sterk bydraende faktor. Weereens het die hoë werkloosheidsyfer alles gekompliseer. So gebeur dit dat 'n bierparty in Waaihoek in April 1925 tot 'n gewelddadige konfrontasie met die polisie gelei het. Om die orde te handhaaf toe al hoe meer swart oproermakers by die voorval betrokke geraak het, moes die polisie wit burgerlikes, gewapen met pikstele, as spesiale konstabels insweer om hulle by te staan. Maar nie voordat vyf swart persone in 'n skietery omgekom het nie, etlike gewond en talle gearresteer is.[3]

Na die oproer in 1925 onder beheer gebring is, was die plaaslike owerheid ietwat naïef onder die indruk dat sake grootliks genormaliseer het.[4] Alhoewel die orde herstel is, het die stadsraad in 1925 steeds nie daartoe oorgegaan om die loon- en ander griewe daadwerklik aan te spreek nie ten spyte van die herhaalde versoeke van die nasionale vakbond Industrial and Commercial

1 CJP le Roux, "Die Bloemfonteinse oproer van 1925", *Contree*, 29, April 1991, pp. 24, 27; F Pretorius (red.) *Geskiedenis van Suid-Afrika – Van voortye tot vandag* (Kaapstad, Tafelberg, 2012), pp. 481-486.

2 J Haasbroek, "Die rol van Henry Selby Msimang in Bloemfontein 1917-1922", *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 16(3), Julie 2000, pp. 51-58.

3 CJP le Roux, "Die Bloemfonteinse oproer van 1925", *Contree*, 29, April 1991, pp. 24-29.

4 *Umteteli wa Bantu*, 6 Maart 1926.

Workers' Union (ICU) onder leierskap van C Kadalie,[5] asook die plaaslike Adviserende Naturelleraad.[6]

Derhalwe was die hele loonkwessie teen die einde van 1925 allesbehalwe uitgesorteer en sluimerend het dit gewag om weldra weer tot uitbarsting te kom soos wat vroeg in 1926 gebeur het. Dit sou oudergewoonte ernstige afmetings aanneem wat weer in die hof sou draai, terwyl die ICU sterker op die voorgrond sou wees as ooit tevore.

Hierdie geskrif neem spesifiek die 1926-oproer in oënskou en dit is 'n faset in die plaaslike geskiedenis van die stad wat nog nooit volledig opgeskryf is nie. In die artikel word ruim van persberigte gebruik gemaak om die verhaal te laat ontvou, want sekondêre bronne daaroor is beperk. Die twee plaaslike koerante, *The Friend* en *Die Volksblad,* het gewoonlik in detail oor hierdie onverkwiklike faset in die stad berig en meermale die toesprake en uitlatings van rolspelers en betrokkenes verbatim in die koerante herhaal. In dié opsig is die koerantstukke hieroor van onskatbare waarde. Die Johannesburgse weekblad *Umteteli wa Bantu – The Mouth Piece of the Native People*, met

5 Die ICU het in 1919 as swart vakbond die lig in Kaapstad gesien met Clements Kadalie, 'n boorling van Njassaland (vandag Malawi), as die belangrikste stigterslid en eerste sekretaris daarvan. Hy is deur baie swart mense as hul bevryder gesien. In die daaropvolgende jare met Kadalie aan die stuur het dit ten spyte van afsplitsing en talle interne probleme tot 'n massabeweging en landswye organisasie uitgebrei. Die beweging het selfs die ANC in 'n stadium getroef en teen 1927 sy hoogtepunt bereik met meer as 100 000 lede. Die Vrystaat, waar Kadalie dikwels opgetree het, was een van die groot ondersteuners van die organisasie. Aanvanklik was daar in Bloemfontein sowat 1 000 lede wat na bewering teen 1926 tot 3 000 aangegroei het uit 'n totaal van nagenoeg 23 000 swart inwoners. Mettertyd het die vakbond agteruitgegaan as gevolg van vervolging deur die staat, interne onenigheid en ondoeltreffende organisasie en finansiële bestuur, en het teen 1934 van die toneel verdwyn. Kadalie het teen die einde van die 1920's reeds die beweging verlaat om 'n onafhanklike ICU te vorm met as basis Oos-Londen. Vergelyk onder meer PL Wickens, *The Industrial and Commercial Workers' Union of South Africa* (Kaapstad, Oxford University Press, 1978); H Bradford, *A taste of freedom: The ICU in rural South Africa 1924-1930* (New Haven, Yale University Press, 1987); CJ Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek V* (Pretoria, Butterworth, 1981), p. 282; T Karis & GM Carter (reds.), *From protest to challenge: A documentary history of African politics in South Africa, 1882-1964 – Protest and Hope, I* (Stanford, Hoover University Press, 1978), EJ Verwey (red.), *New dictionary of South African biography, 1* (Pretoria, Vista, 1995), pp. 189-190.

6 Die Adviserende Naturelleraad (Native Advisory Board) wat in 1913 as Bloemfonteinse munisipale baanbrekersinstelling tot stand gekom het, het tot 1923 voortbestaan waarna nasionale wetgewing sodanige rade van munisipaliteite vereis het. In hierdie adviesraad het verkose blokmanne (leiers van die verskillende blokke of wyke) in die swart woonbuurte gedien. Deur die totstandkoming van hierdie demokratiesverkose raad het die swart gemeenskap van Bloemfontein vir die eerste keer werklik amptelik betrokke geraak by hulle munisipale belange. Die raad was slegs adviserend van aard en steeds ondergeskik aan die wit owerheid. Ofskoon die adviserende liggaam dikwels gebuk moes gaan onder verdagmakery en beswaddering dat hulle slegs lakeie van die wit owerheid is en dat hulle vir eie gewin en aansien in die raad gedien het, blyk dit tog dat hul meermale opreg gepoog het om die belange van hulle mense te dien. Vergelyk J Haasbroek, "The Native Advisory Board of Bloemfontein 1913-1923", Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein, 19(4), Julie 2003; CJP le Roux, "Rol van die Naturelle-adviesraad op plaaslike bestuursvlak, 1923-1948", Contree, 25, 1989. Kyk ook Vrystaatse Provinsiale Argiefbewaarplek (hierna VPAB), Argief van die Stadsklerk van Bloemfontein (Hierna MBL) 1//2/4/1/9, Extracts from various minutes of meetings of the Native Affairs committee: Native wages – Deputation from the ICU, 9 Februarie 1925.

Msimang wat gereeld bydraes oor verskillend fasette gelewer het, is ook van waarde. Die koerant is landswyd versprei.[7] Primêre dokumente soos die stadsraadsnotules en gepaardgaande munisipale rekords is vanselfsprekend ook as 'n belangrike bron van inligting gebruik.[8]

Loongeskil vlam weer op – massa-byeenkomste

Vroeg in 1926 het die geskil om hoër lone onder die swart gemeenskap van Bloemfontein, wat die vorige jaar, gepaardgaande met ander griewe, gewelddadig onderdruk is en tot lewensverlies gelei het, opnuut opgevlam. Die hervatting van die rusteloosheid in daardie stadium onder die swart gemeenskap van Bloemfontein is deur sommige toegeskryf aan 'n vermenging van etlike tendense: vanselfsprekend die onopgeloste loonkwessie, dan die Kleurslagboomwet van 1926 wat wit en bruin in die werkplek bevoordeel het, industriële en politieke oproer landswyd wat gemoedere in die algemeen opgesweep het, en 'n negatiewe rassebewussyn oor die wit bevoorregting in die land. Dit was juis die genoemde wet wat die swart gemeenskap van Bloemfontein teen die einde van Januarie 1926 laat saamtrek het waar die wet in die sterkste terme veroordeel is, terwyl terselfdertyd daarop aangedring is dat die minimum loon op 6s (sjielings) 6d (pennies) vasgestel moes word.[9]

Hierdie keer was die ICU nog meer voor in die stryd in vergelyking met die plaaslike munisipale Adviserende Naturelleraad en het die agitasie, veral deur ICU-opstokers met soms hulle eie agenda, 'n heelwat meer uitdagende en selfs rassistiese opruiende inslag gehad.[10] Van die meer radikale leiers sou van die geleentheid gebruik maak om onomwonde vanaf openbare verhoë te betoog dat die wit heerskappy aangevat moes word en swart mense gelyke regte moes kry. Die ICU het sodanig die agitasie gekaap, in 'n sekere sin om sy eie politieke agenda ter wille te wees, dat plaaslike rolspelers moes waarsku dat dit die verkeerde indruk in swart geledere skep dat die wit lokasiesuperindendent en

7 In die Vrystaat was dit in Bloemfontein, Harrismith, Springfontein, Bethlehem en Kroonstad verkrygbaar. Vergelyk *Umteteli wa Bantu*, 10 September 1927.

8 Die burgemeester se jaarverslag van 1925/26 en 1926/27 maak nie melding van die loonagitasie van 1926 nie.

9 *The Friend*, 1 en 3 Februarie 1926; F Pretorius (red.) *Geskiedenis van Suid-Afrika...*, p. 462. In daardie jare het die Britse geldstelsel in Suid-Afrika gegeld en met die instelling van die desimale stelsel in 1961 sou die bedrag gelyk gewees het aan 66c (sent), dit wil sê 1s = 10c en 1d = 1c.

10 Tydens die bloeitydperk van die ICU vanaf 1919 tot 1929 het veral die volgend lede hulle die een of ander tyd in Bloemfontein bevind waar hulle die leiding geneem het, maar hulle was ook op ander dorpe en stede in die land in sekere leiersposisies bedrywig: S Elias, JB Mancoe, AP Maduna, JB Sesing, M Itholeng, TWK 'Mote J Gaba, JA Khaile, JD Mogaecho, I Mooki en EJ Mposi. Vergelyk onder andere J Mancoe, *First edition of the Bloemfontein Bantu and Coloured People's directory* (Bloemfontein, AC White, 1934), pp. 100-104.

die Adviserende Naturelleraad in die verband goedsmoeds geïgnoreer word. *The Friend* was van oordeel dat die adviesraad in die eerste plek Bloemfontein se swart stem verteenwoordig en dat "Kadalie's crowd", soos ook na die ICU verwys is, slegs 'n aanvullende stem is. Laasgenoemde se aanhangers het dit natuurlik andersom vertolk omdat die ICU so sterk in die stad gestaan het. Bygesê, die adviesraad het wel gewoonlik akkoord gegaan met die ICU se siening oor hoër lone en sou ook wou sien dat 'n minimum loon van 6s 6d. moes geld, maar sou dit nie as ononderhandelbaar beskou nie, terwyl die ICU se geweldspraatjies aanstoot gegee het.[11]

Ene MS Letuka was juis oortuig dat Kadali en sy kornuite nie vrede voorstaan nie en nie die werklike strewe van die swart samelewing verteenwoordig om deur vreedsame onderhandelinge die loonkwessie te beding nie – hy was bevrees hulle uitdagende optrede sou daartoe lei dat hulle eie bloed vloei.[12] So het dit dan gebeur dat, nadat in die vorige weke die loonkwessies smeulend op grondvlak was, ongeveer 1 000 swart mense op Woensdag, 3 Februarie 1926, in die swart woonbuurt saamgetrek het om die ICU se propaganda daaroor aan te hoor. Dit is as die grootse vergadering in dié verband wat in 'n lang tyd gehou is, beskou. Die eerste spreker, TWK 'Mote, het volgens persberigte daarop gehamer dat wit mense "laakbare gekke" is as hulle dink hul alleen besit Suid-Afrika; Afrika behoort aan die swart man en hy moes sy regte opeis. Op sy beurt het AP Maduna, Vrystaatse provinsiale sekretaris van die vakbond, as hoofspreker daarop gewys dat wit en swart een God het en dat swart mense net soveel reg op goeie lone het om soos wit mense karre te ry en spek en eiers saam met hulle ontbyt te kon eet. In die Boererepubliek, al is hulle soms afgeransel, het hy gesê, is hulle immers beter behandel en gevoed as dit wat hulle vandag onder die Britse Ryk beleef. Dring aan op 6s 6d tot die laaste druppel bloed, het hy sy siening verkondig.[13]

Inmiddels het die burgemeester, dr. HJ Steyn, in die openbaar aangekondig dat die stadsraad bewus is van al die onderlinge strominge in dié verband en dat die saak deurdringende aandag van al die rolspelers geniet. Hy het 'n beroep op die ontevredenes gedoen om die uitslag af te wag en hulle nie tot onbehoorlike optrede moes wend nie wat hulle saak kon skaad, want wet en orde sou ten alle tye gehandhaaf word. Trouens, van meet af uit verskillende oorde gewaarsku dat geweld tot niemand se voordeel sou wees nie.[14]

11 *The Friend*, 3 Februarie 1926.
12 *Die Volksblad*, 11 Februarie 1926.
13 *Die Volksblad*, 4 Februarie 1926.
14 *Die Volksblad*, 4 Februarie 1926.

Gesien in die lig van die erns van die saak en die bloedige wending wat so 'n situasie die vorige jaar geneem het, het die stadsraad dus besluit dat die munisipaliteit se Komitee vir Naturellesake vooraf moes koukus wat die aksieplan sou wees wanneer hulle 'n swart deputasie, bestaande uit afgevaardigdes van die Adviserende Naturelleraad en die ICU, op Maandag, 8 Februarie, ontmoet vir 'n deurdringende gesprek oor die loonkwessie.[15]

Die loongesprek in raadskamers kry momentum

Op 4 Februarie 1926 het hierdie buitengewone vergadering van die Komitee vir Naturellesake onder voorsitterskap van raadslid S Harris plaasgevind en waar ook die burgemeester en die magistraat, PC Cochran, teenwoordig was.[16] Ter aanvang is uitgelig dat die stadsraad slegs as bemiddelaar tussen werkers en werkgewers kon optree en uit sy eie hoek as voorbeeld kon dien wat die minimum loon moes wees. In werklikheid behoort die Unieregering die kwessie van minimum lone landswyd uit te klaar, is verder opgemerk. Maar, is benadruk, daar moes toegesien word dat swart werkers 'n regverdige loon kry en dat 'n herhaling van die vorige jaar se gewelddadige onluste ten alle koste verhoed moes word. Die lokasiesuperintendent, JR Cooper, het gerapporteer dat sedert die vorige jaar se geskil samesprekings met die adviesraad en die ICU gevoer is om statistieke van hulle te bekom ten opsigte van wat 'n regverdige loon is. Ofskoon dit 'n lang proses was om inligting in die verband vanaf die swart rolspelers te kry, is lewensduurte-syfers voorgelê om ten minste te kan oorleef. Op grond daarvan is versoek dat 'n loonverhoging van 6s 6d toegestaan word.[17] Dit is as onrealisties terugverwys, maar die swart leiers het daarmee volstaan. Die bedrag, het die superintendent beklemtoon, is dan waarmee die deputasie die dispuut die Maandag mee gaan aanvoer.[18]

Op sy beurt het die stadsklerk die algemene gevoel van die komitee verteenwoordig toe hy opmerk dat die swart afgevaardigdes uitdruklik ten

15 *Umteteli wa Bantu*, 13 Februarie 1926; *Die Volksblad*, 10 Februarie 1926.

16 VPAB, MBL 1/2/4/1/9, Minutes of a meeting of the Native Affairs Committee, 4 Februarie 1926.

17 In 'n opname wat *The Friend* in hierdie stadium gedoen het, is aangetoon dat by die grootste werkgewer in Bloemfontein, te wete die Spoorweg-departement, swart werkers wat rantsoene ontvang, beloon was met 1s 10d 'n dag en diegene sonder rantsoene begin op 2s 3d 'n dag, terwyl beide volgens 'n opwaartse skaal na verloop van tyd aanpassings kry. Hierna volg die munisipaliteit met sowat 700 werknemers wat se aanvangsloon vir ongeskoolde arbeiders tussen 2s 6d en 3s was. 'n Groot sakeonderneming in die stad met nagenoeg 130 werkers se loon was 2s 6d 'n dag. Daar is gevind dat die deursnee getroude swart man met afhanklikes ten minste 'n minimum loon van 3s 6. moes kry om 'n bestaan te maak. Vergelyk *The Friend*, 3 en 4 Februarie 1926.

18 *The Friend*, 10 Februarie 1926.

opsigte van drie sake ingelig moes word. Eerstens dat so ’n hoë minimum loon ‘n toestroming van werkers van buite sou veroorsaak sodat die plaaslike bevolking daaronder ly. Tweedens dat so ‘n loon die armblanke-vraagstuk sou oplos met dié dat werkgewers terugval op wit arbeid teen daardie loon. Derdens dat werkgewers teen so ’n hoë loon gedwing sou word om minder werkers aan te stel en werkgeleenthede dus in die slag sou bly. Daar is toe besluit om by die komende vergadering die aanbevelings van die swart deputasie aan te hoor en by gebrek aan ‘n bevredigende oplossing die minimumloon op 3s te debatteer. Indien geen oplossing in sig was, sou voorgetel word dat ‘n spesiale kommissie, waarop alle belangegroepe sou dien, aangewys word.[19]

Die aand van 4 Februarie het daar ook vir enkele ure ‘n vergadering tussen Cooper, die Adviserende Naturelleraad en die ICU plaasgevind. By hierdie gesprek het die ICU afgesien van sy plan om op sy eie die stadsraad aan te durf en ingestem om onder leiding van Cooper, en in oorleg met die adviesraad, gesamentlik afgevaardigdes na die samesprekings te stuur.[20]

Inmiddels het die bekende en progressiewe AG Barlow, een van die kleurvolste politieke persoonlikhede in die land se geskiedenis en eens lid van die Arbeidersparty en later van die Verenigde Party, maar ook vir baie jare aktief as stadsraadslid van Bloemfontein, ‘n brief aan die pers gerig waarin hy die situasie onder die loep neem en die swart mense tot besinning probeer bring. Hy het eweneens daarop gewys dat gewelddadige agitasie tot geen oplossing sou lei nie, en dat die swart gemeenskap hulle lot eerder voor die nuutgestigte nasionale Loonraad van die regering moes werp omdat die besluite van dié raad rakende lone bowendien munisipaliteite se besluite kragteloos sou maak.[21]

19 VPAB, MBL 1/2/4/1/9, Minutes of a meeting of the Native Affairs Committee, 4 Februarie 1926; *Die Volksblad*, 10 Februarie1926.

20 *Die Volksblad*, 5 Februarie1926.

21 *The Friend*, 5 Februarie 1926; SPR Oosthuizen (red.), *Register van die Provinsiale Raad van die Oranje-Vrystaat 1911-1986* (Bloemfontein, OVS Uitvoerende Komitee, 1986), p. 65.

Biskop Carey se rol in die loongeskil

In hierdie spanningsvolle tyd in die stad se geskiedenis het biskop W Carey[22] van die Anglikaanse kerk se toetrede tot die loonkwessie tog in 'n mate die opruiende gevoelens van die swart gemeenskap oor die aangeleentheid getemper. Hy het vreesloos die swart werkers gaan toespreek om hulle van geweld te weerhou.

In 'n brief wat hy op 3 Februarie geskryf het en wat die volgende dag in *The Friend* verskyn het, het hy sy gewig agter die swart gemeenskap gegooi en hulle aangemoedig om op 'n vreedsame en sinvolle wyse vir hoër lone te agiteer omdat hulle dit verdien. Hy is immers die vader van swart en wit, het die biskop geskryf, en daarom kon hy onbevange objektiewe kommentaar lewer. Vir Carey was die tyd van "shilly-shallying, bluff and indifference" verby en dit is nodig dat 'n rondetafelgesprek tussen al die rolspelers plaasvind om tot 'n bevredigende oplossing te kom. Hy was ook nie oortuig dat die 6s 6d-eis geregverdig is nie sonder dat deeglike bewyse daarvoor voorgelê kon word. Carey het die swart gemeenskap versoek om opruiende uitsprake, dreigemente van industriële aksie en hardkoppigheid liefs agterweë te laat want dit veroorsaak dat wit werkgewers in 'n laer trek wat die hele kwessie kon laat skipbreuk ly. Hy was bereid om die swart werkers en hul leiers ten volle te onderskraag as hulle met deeglike en betroubare feite hul saak regverdig kon stel om 'n hoër minimum loon, maar as hulle deur intimidasie en geweldspraatjies poog om die skaal in hulle guns te laat swaai vir 6s 6d sou hy hulle beslis teenstaan.[23]

Dieselfde dag as wat sy brief verskyn het, het hy, "as 'n vader tot sy kinders en as 'n vriend", 'n massavergadering in Waaihoek toegespreek wat ook onder beskerming van die ICU plaasgevind het. Maduna het Carey aan die woord gestel. In hierdie stadium was daar glo sprake van gewelddadige stakings van en uittarting deur swart werkers aan die een kant en aan die ander kant die mobilisering van tot 2 000 spesiale konstabels om 'n moontlike aanslag af te weer.[24]

22 W Carey het in 1921 diens as geestelike in Bloemfontein aanvaar nadat hy voor die Anglo-Boereoorlog as Oxford-rugbyspeler Suid-Afrika as lid van 'n toerspan besoek het. Hy was lewendig en spontaan van geaardheid en het 'n meer hartlike Christendom na die stad gebring. Hy het dikwels vir die swart gemeenskap in die bresse getree en nie gehuiwer om ongewilde politieke uitsprake te maak nie. Ofskoon sy spontaneïteit en onbevangenheid mense onkant betrap het, was hy 'n geliefde en gewilde persoon onder wit en swart en het sy uitsprake gesag gedra. Vergelyk K Schoeman, *Bloemfontein – Die ontstaan van 'n stad* (Kaapstad, Human & Rousseau, 1980), p. 252.

23 *The Friend*, 4 Februarie 1926.

24 *The Friend*, 5 en 6 Februarie 1926

Carey se onomwonde, maar tog simpatieke, toespraak het blykbaar vir eers die opgewerkte gemoedere van die werkers getemper. Hy het weereens sy ondersteuning aan die loonveldtog gegee as dit gestaaf kon word, gepleit vir kalmte en 'n oopkop-benadering in die kwessie, en gewelddadige betogings as geen oplossing gesien nie.[25] Anargie kon dan volg met die twee kante wat mekaar wou vernietig. Die hele kwessie was nie 'n rassistiese vete tussen wit en swart nie, maar allereers 'n industriële aangeleentheid wat om 'n rondetafelgesprek besleg moes word. Die biskop het hulle beloof dat die stadsraad die kwessie in goeder trou wou hanteer. Hy het hul ook die nuus meegedeel dat die parlement onlangs 'n loonwet deurgevoer het waarvolgens 'n Loonraad swart lone deur die hele land sou uitklaar. Dit sou meebring dat die plaaslike stryd tussen die owerheid en die swart werkers irrelevant raak en slegs simboliese betekenis het en dat die kwessie eerder voor dié raad moes dien. Vir die teenswoordige kon hulle egter hul griewe voor die stadsraad lê. Namens die ICU het Maduna verklaar dat hulle die biskop se advies ter harte neem waarna die toehoorders hom *Nkosi Sikelel iAfrika* toegesing het.[26] Soos later sou blyk, het die Loonraad toe nie die gewenste resultate gelewer waarop gehoop is nie.

Die volgende dag het die geestelike weer 'n brief aan die koerant geskryf waarin hy as hulle biskop en strydgenoot geweld verwerp en die swart man as beskaafd beskou wat die reg het om vir hoër lone te streef want hulle verdien dit.[27] In hierdie eerste dae toe dit opvallend was dat die loonagitasie opnuut na kookpunt gedryf word, het Carey voorwaar deur sy gematigde optrede aanvanklik 'n heilsame invloed op die spanningslyn gehad. Nietemin het hy dit duidelik gestel dat as die swart gemeenskap hulle tot geweld wend, hy weinig van 'n keuse sou hê as om hom aan die kant van sy eie ras te skaar – 'n punt wat nie bereik is nie.[28]

Deurslaggewende samesprekings op 8 Februarie 1926

Dit blyk dat biskop Carey se versoenende toetrede, die beplande ontmoeting, soos deur die stadsraad gereël, van alle betrokke partye op 8 Februarie om oplossings te vind en die bereidwilligheid van die ICU om deel van so 'n

25 K Schoeman, *Bloemfontein – Die ontstaan van 'n stad...,* p. 252.
26 *The Friend*, 5 en 6 Februarie 1926; *Die Volksblad*, 5 Februarie 1926.
27 *The Friend*, 6 Februarie 1926.
28 *The Friend*, 6 Februarie 1926.

afvaardiging te wees vir eers die gewenste uitwerking gehad het om gemoedere rondom die kwessie te kalmeer en sprake van gewelddadige agitasie in die kiem te smoor. Hierdie beraadslaging het groot belangstelling van wit en swart inwoners uitgelok.[29] Eersgenoemde was kennelik deur die voorafgaande onstuimige toesprake, betogings en aanhitsing van swart teen wit verontrus – "the laissez faire of Bloemfontein's white citizens has been rudely disturbed on more than one occasion"[30] – en het gehoop dat daar na dese vrede sou kom.

Op hulle beurt het die swart werkers en hul leiers vanselfsprekend op 'n gunstige uitslag gewag. Hulle het juis gepoog om die voorafgaande naweek, gekenmerk deur erge stof en wind en uitermatige hoë temperature, stukrag aan hulle stryd te gee deur voort te gaan om buitengewone bedrywighede in dié verband aan die dag te lê.[31] Demonstrasies en opelug-vergaderings, gepaardgaande met 'n luide gesingery, was aan die orde van die dag.

Veral die Sondagmiddag, 7 Februarie 1926, het daar in onder andere die townships Waaihoek, Marabastad, "Four-and-Six" en Batho optogte om hoër lone onder die vlerk van die ICU plaasgevind wat in 'n massavergadering van meer as 1 000 swart mense geëindig het. Van die belangrikste sprekers by die verskillende geleenthede oor dié naweek was JA La Guma (Kaapse algemene sekretaris van die ICU), Maduna, 'Mote, M Itholeng (plaaslike voorsitter van die ICU) en S Elias (lid van die plaaslike ICU). Geen wit man of die duiwel sou hulle daardie dag keer om hulle sê te sê nie, is verkondig Die Kleurslagboomwet is ook in die talle toesprake as onchristelik afgemaak, die regering se segregasiebeleid afgeskiet, daar is gewaarsku dat opgekropte woede na iets erger kon oorslaan, dat die swart bevolking nie babatjies is wat aan hul neuse rondgelei kon word nie en dat daar gestrewe moes word om die proletariaat te laat regeer. Daar is gepleit dat die wit regeerders hulle protes ernstig sou opneem sodat 'n bevredigende skikking bereik kon word tot voordeel van almal in die land, 'n land wat gekenmerk word deur swart georganiseerde werkersagitasies. Die nasionale Loonwet is ook wantrouig bejeën aangesien dit nog lank kon duur om 'n gewenste effek te hê en 'n gerieflike skuiwergat kon wees om agter te skuil hoekom lone nie terstond aangepas kon word nie.[32] Sommige sprekers het weliswaar versoenende geluide gemaak, geweld en opstokery as teenproduktief vir hul doelwitte beskou en gepleit dat wit en swart werkers moes saamstaan in dié verband om hul daaglikse brood te verseker.[33]

29 VPAB, MBL 1/1/1.23, Minutes of a special meeting of the Town Council, 10 Februarie 1926.
30 *Umteteli wa Bantu*, 6 Maart 1926.
31 *The Friend*, 6 Februarie 1926.
32 *The Friend*, 8 Februarie 1926; *Die Volksblad*, 8 Februarie 1926.
33 *Die Volksblad*, 8 Februarie 1926.

Veral Elias was besonder breedsprakig. 'n Staking is ongewens, het Elias gesê, want dan kon die wit heersers uit weerwraak hul water afsny. En verder dat almal by die ICU moes aansluit sodat hulle vreesloos die wit man en sy kanonne en vliegtuie kon aandurf. Gemik op waarskynlik die goedgelowiges het hy verklaar dat die Allerhoogste met Sy weerlig aan swart mense se kant is omdat hulle 'n regverdige saak het om die wit mense te laat bewe in die onderhandelinge. Venynig het hy opgemerk dat sy vrou se knieë opgeswel is van vloere vryf teen 'n skamele loon terwyl die "missies" met 'n silwer handsak heeldag in Maitlandstraat rondtrippel.[34]

Insiggewend genoeg, want swart vroue-agiteerders is nie dikwels op openbare verhoë gesien nie, het Maria Elias, voorsitter van die vrouetak van die plaaslike ICU en waarskynlik S Elias se eggenote, besonder driftig haar stem laat hoor. In geen onduidelike taal het sy verkondig dat die tyd hier is dat dit "dag" is vir swart mense en "nag" vir wit mense. Verby is die dae dat hulle sommer net "Maria" of "meid"[35] is. Nee, daar gaan aangedring word om as mejuffrou of mevrou aangespreek te word. [36]

In hierdie stadium is uit blanke geledere geglo dat daar 'n georganiseerde veldtog aan die gang is om die swart man teen die wit man op te sweep en eersgenoemde besig was om sy opruiende leiers klakkeloos te volg sonder om vir homself te dink. Daar is gevoel dat 'n end aan Kadalie se opruiende toesprake in die land gemaak moes word. Die owerheid was egter van mening dat hy hom nog nie aan enige strafbare oortreding skuldig gemaak het nie, hoewel hul die situasie fyn dophou.[37]

Tydens die Maandagaand-vergadering op die 8ste onder voorsitterskap van S Harris van die Komitee vir Naturellesake en waar die burgemeester, ander raadslede en munisipale amptenare ook teenwoordig was, het 'n groot wit skare voor die stadsaal, waar die vergadering in die raadskamer plaasgevind het, vir die duur daarvan saamgedrom. Wit heethoofde wat dit wou binnedring moes onder beheer gebring word.[38]

Blykbaar het die swart leiers die skrif aan die muur gesien as hulle sou volhard met 6s 6d per dag as minimumloon – in munisipale kringe is reguit gesê

34 *Die Volksblad*, 8 Februarie 1926.
35 Na swart vroue is in vervloë jare dikwels in Afrikaans as "meid" (maid) verwys sonder dat dit werklik as neerhalend in wit geledere en wel as die spreektaal van die dag beskou is.
36 *Die Volksblad*, 8 Februarie 1926.
37 *Die Volksblad*, 8 Februarie1926.
38 *The Friend*, 9 Februarie 1926; *Die Volksblad*, 10 Februarie1926.

dit is "pooh-poohed as 'absolutely absurd'".[39] Cooper, wat namens die swart deputasie die woord gevoer het, het gevolglik 'n nuwe voorstel op die tafel gesit: Ongeskoolde arbeiders begin met 3s 6d per dag wat driemaandeliks verhoog word met 6d totdat 6s 6d bereik is, half-geskoolde arbeiders op 4s 6d met soortgelyke verhogings tot 6s 6d en geskoolde arbeiders spring weg met 6s 6d en verhogings na verdienste. Verskeie swart sprekers, waaronder Maduna en Elias van die ICU en Patlane van die adviesraad, het op die vergadering ernstig gepleit dat die 6s 6d-voorstel as basis van die onderhandelinge moes dien om swart werkers toe te laat om 'n "sedelike, geestelike en liggaamlike gesonde" lewe te lei. Hulle het gewys op gevalle waar werkers na baie jare diens steeds geen verhogings kry nie, kinders wat uit die skool gehaal moes word om te help om die pot aan die kook te hou, die gebrek aan fondse om hul kinders na Fort Hare of Lovedale te stuur en gevangenisse wat vol loop omdat gesteel moes word om te oorleef. Dit word al moeiliker om die vrede in swart geledere te bewaar, is prontuit verklaar.[40]

Hoewel die vergadering in 'n goeie gees plaasgevind het, het die burgemeester en sy span op 3s vasgestaan en die looneise van die swartes as onredelik en buitensporig beskou. Daarteenoor het die swart afgevaardigdes so 'n minimum loon as geheel en al onaanvaarbaar beskou. Nadat die swart afvaardiging verdaag het om in die geheim die kwessie te beredeneer, het hulle teruggekeer en vergeefs 3s 6d op die tafel gesit. 'n Oplossing was duidelik nie in sig nie en daar is einde ten laaste teruggeval op die voorgestelde kommissie om die kwessie in diepte te ondersoek, dit wil sê 'n "rondetafel-bespreking".[41]

'n Swart menigte, gepaardgaande met 'n luidrugtige musiekkonsert as trekpleister, het daardie aand in die Batho-township se gemeenskapsaal saamgetrek in gespanne afwagting om die uitslag van die beraadslaging aan te hoor. Biskop Carey was weereens een van die sprekers en het oudergewoonte om beheerstheid gepleit, sterk drank veroordeel wat menigeen aanpor tot geweldpleging, dikwels met tragiese gevolge, en gewaarsku teen leiers wat verkeerd lei: "As it is, I sometimes think you are almost mad. You put forward as spokesmen men with no character."[42] Hy het geglo dat hulle godvresende, hardwerkende en eerlike mense is wat regverdige lone verdien wat op 'n vreedsame wyse bekom moes word.

39 *The Friend*, 4 Februarie 1926.
40 *The Friend*, 9 Februarie 1926; *Die Volksblad*, 10 Februarie1926.
41 *The Friend*, 9 Februarie 1926; *Die Volksblad*, 9 en 10 Februarie1926.
42 *The Friend*, 9 Februarie 1926.

As gevolg van die malende opgewonde rumoeriges in die saal met sy gespanne atmosfeer kon die musiekkonsert nie werklik op dreef kom nie en 'n vals klavier het daartoe bygedra, terwyl die pogings van die voorsitter, J Gaba, om orde te handhaaf, liedere te laat sing of 'n gebed te doen nog minder geslaagd was. Eers teen ongeveer 23:30 het die deputasie onder leiding van Maduna opgedaag om terugvoering te gee aan 'n duidelike uitgeputte en slaperige gehoor. Hy het daarvan gewag gemaak dat hulle besonder hoflik by die stadsaal ontvang is en selfs 'n handeklap van wit mense ontlok het, hoewel iemand kru 'n aanmerking gemaak het dat hulle eintlik by die agterdeur moes ingaan.[43]

Dat die stadsraad die loonkwessie as 'n saak van uiterste dringendheid beskou het – onthou daar was altyd 'n onderliggende vrees dat die hele aangeleentheid weer gewelddadige afmetings soos die vorige jaar kon aanneem – kon gesien word in die spoedige wyse waarop hulle vergader het om die afgelope samesprekings onder die loep te neem. 'n Spesiale stadsraadsvergadering het twee dae later, op 10 Februarie, plaasgevind.[44] Verteenwoordigers van werkgewers en die publiek is ook toegelaat om aan die gesprek deel te neem, terwyl magistraat Cochran en biskop Carey ook teenwoordig was. Almal was dit eens dat loonaanpassings nodig en geregverdig was. Daar is weer op gewys dat die stadsraad nie onafhanklike werkgewers kon dwing tot 'n sekere aanpassing nie, maar dat hulle ten minste 'n aanvaarbare voorbeeld kon stel in afwagting van die nasionale Loonraad se handeling wat nog geruime tyd kon duur. Diegene wat daardie aand reeds die kwessie wou afhandel omdat daar so 'n uitgelese teenwoordigheid was, is halt geroep en daar is op gewys dat die rondetafel-benadering, dit wil sê 'n kommissie van ondersoek, die aangewese weg is want dit is immers aan die swart rolspelers belowe.[45]

Die uiteinde was 'n besluit dat die kwessie na so 'n kommissie verwys sou word.[46] Hierop sou dien twee verteenwoordigers elk van die stadsraad (S Harris en JS Franklin), die Kamer van Koophandel en die Meesterbouersvereniging, een elk van die kleiner werkgewers en die professionele kring en vier verteenwoordigers elk van die Adviserende Naturelleraad en die ICU. Die redakteur van *The Friend*, TW Mackenzie, is eenparig aangewys om die proses

43 *Die Volksblad*, 9 Februarie1926.
44 VPAB, MBL 1/1/1/23, Minutes of a special meeting of the Town Council, 10 Februarie 1926.
45 *The Friend*, 11 Februarie 1926.
46 *Umteteli wa Bantu*, 20 Februarie 1926.

te lei. Die Suid-Afrikaanse Spoorweë sou nie deel van hierdie verwikkelinge wees nie omdat hulle opset nasionaal beding is.[47]

Na bogenoemde byeenkoms van rolspelers, het 'n verslaggewer van *The Friend* prominente werkgewers van swart arbeid gepols oor hul siening van die huidige toestande. Die meeste, soos Champions Bpk (wat as die grootste beskou is), Goldes Bros. en Atkinson's Motor Garages Bpk., het dit onomwonde gestel dat 'n buitensporige looneis sou meebring dat werkgewers sou moes afskaal, iets wat werksverlies tot gevolg sou hê, terwyl van hulle ook dan geneë sou wees om eerder wit werkers, wat glo tou gestaan het om in te val sou so iets goedgekeur word, in diens te neem. Hulle het dit as 'n goed bedoelde waarskuwing voorgehou sou swart verwagtinge van selfs 6s 6d nie getemper word nie.[48]

Die loonagitasie bou op

Enkele dae later, op Sondag 14 Februarie, het die ICU-leiers, waaronder Maduna, Elias, 'Mote, Gaba en D Mogeachu, spesiaal die "Four-and-Six"-township besoek om die inwoners oor onder andere die voorgestelde kommissie van ondersoek oftewel loonkommissie in te lig. Insiggewend was dat die ICU na die Maandag-vergadering so veglustig soos altyd in sy uitsprake oor die loonkwessie was en dit was duidelik dat die voorgenome kommissie nie die geesdriftige loonagitasie enigsins gedemp het nie. Dit blyk dat die modus operandi was om die wit heersers en werkgewers op die punte van hul tone te hou en voort te gaan om druk toe te pas. Die agitasie het dus voortgegaan op dieselfde trant van die dreigement/paai-metode.[49]

47 *The Friend*, 11 Februarie 1926. Ofskoon die swart spoorwegwerkers nie direk by die loonagitasie betrokke was nie, het die ICU in Bloemfontein onder die vlerk van Maduna en Elias in soms opruiende toesprake dié werkers ook opgesweep om te agiteer vir hoër lone want hulle is nie langer die slawe van die wittes nie. Aan die een kant het hulle voor hierdie skares gedreig dat die regering deur 'n revolusie in lyn met Rusland omvêr gegooi sou word as eise nie bevredigend opgelos word nie, maar onmiddellik weer aan die ander kant gepaai dat hulle bloedvergieting wil vermy deur tot dusvêr beheers op te tree en tot God te bid dat die wit man nie sy vuurwapens teen hulle sou opneem nie. Hulle was bereid om ook hierdie werkers se loonbelange te bevorder. Alles was stellig daarop gemik om die spoorwegwerkers ook deeglik in die plaaslike loongeskil te plaas wat vanselfsprekend meer stukrag aan hulle veldtog sou gee. Hierdie ICU-leiers het woord gehou en as deputasie, saam met die lokasiesuperintendent, die spoorwegbestuur oor loonverhogings gaan spreek. Hoewel hulle hoflik ontvang is, kon hulle, soos te wagte nie veel uitrig omdat dit as 'n nasionale kwessie beskou is. Vergelyk *The Friend*, 15 en 20 Februarie 1926.

48 *The Friend*, 11 Februarie 1926.

49 *The Friend*, 15 Februarie 1926.

Waar *The Friend* gewoonlik die wilde en opruiende toesprake van die sprekers ietwat getemper het, het *Die Volksblad* dit geensins afgewater nie en die "soetvloeiende woorde" van die agitators aan die opgewonde swart skare dié Sondag ruiterlik uiteengesit. So is wit mense as lafaards en bangbroeke uitgekryt, want die winkels van Lambons en Hoehne is volgelaai met pistole en dat die swart man nie langer net op pap wou lewe nie, maar vleis en brood ook wil hê. Wit mense moes uit die slaap gehou word totdat hul eerlik speel. Daar gaan sterk teenstand wees teen die aangebode 3s en geveg word vir 3s 6d, is aangekondig. Op 'n vraag wat die toehoorders wou hê, aldus *Die Volksblad*, is bykans 15 minute lank geskreeu "6s 6d".[50]

Elias het dié geleentheid terdeë aangegryp om by die groot skare te pleit dat hulle 'n hele nuwe Adviserende Naturelleraad oftewel blokmanne uit ICU-lede moes kies. En dapper bygevoeg dat as God daardie aand aan hom wysheid openbaar hoe om die wit mense te verslaan, hy dit die volgende dag sou toepas. Hy het, volgens die pers, minister Tielman Roos wat by die Kleurslagboomwet betrokke was, neerhalend as "daardie dik kêrel" beskryf wat daarvoor opgedreun moes word. By die geleentheid is ook besluit dat Maduna, Elias, 'Mote en I Nthatisi die ICU in die kommissie sou verteenwoordig.[51]

Kommissie van ondersoek na swart lone

Die plaaslike loonkommissie het op 22 Februarie agter geslote deure vergader. Die betrokkenes, soos bo vermeld, was teenwoordig. Na 'n ernstige maar beskaafde debat oor die kwessie met 'n minimum loon van 3s op die tafel, het die verteenwoordigers van die Adviserende Naturelleraad daartoe ingestem, terwyl die ICU-lede op 3s 6d vasgeskop het. Ondanks die werkgewers se beswaar dat laasgenoemde veronderstel was om 'n mandaat te hê om 'n bindende besluit op die vergadering te neem, was die ICU-lede slegs bereid om 3s te oorweeg as hulle die volgende dag eers weer die aangeleentheid in die Batho-gemeenskapsaal met hul mense kon opneem om dit goed te keur. Daarna sou terugvoering aan die kommissie gegee word. Hiertoe is ingestem.[52]

Hierdie deurbraak in die loongeskil wat op hande was, het toe die volgende dag 'n tydelike terugslag beleef by die massa byeenkoms onder die vaandel

50 *Die Volksblad*, 15 Februarie1926.
51 *The Friend*, 15 Februarie 1926; *Die Volksblad*, 15 Februarie1926.
52 VPAB, MBL 1/1/1/23, Minutes of an ordinary meeting of the Town Council, 25 Februarie 1926; *The Friend*, 25 Februarie 1926.

van die ICU om terugvoering te gee. Nie alleen het die opgewonde en rumoerige skare van bykans 1 000, aangepor deur hul leiers wat hul belofte om hul ondersteuners tot 3s oor te haal oorboord gegooi het, steeds op 3. 6d aangedring nie, maar nou ook geëis dat Kadalie, wat op besoek aan Bloemfontein was, as nasionale leier toegelaat moes word om die hervatting van die kommissie-sitting by te woon. So nie sou die ICU hom onttrek van die samesprekings.[53] Op sy beurt het Kadalie breedsprakerig in 'n opruiende toespraak die byeenkoms geloof dat hulle nie geval het nie vir 3s. Terselfdertyd het hy op oratoriese wyse die wit Christendom as huigelaars uitgeskel omdat hulle nie sterker standpunt vir die opheffing van die swart gemeenskap inneem nie (biskop Carey was direk in die visier), die wit kerkleiers tot die hel verdoem en aangekondig dat hy aan geen hemel glo nie. Uit die swart en wit gemeenskap sou hy oor hierdie sogenaamde godslasterlike uitsprake aangespreek word.[54]

Die MacKenzie-kommissie het hom nie deur die ICU laat afdreig nie en met sy werksaamhede sonder die organisasie, wat sy dreigement om te onttrek uitgevoer het, op die 24ste voortgegaan. Die voorsitter het inleidend dit duidelik gestel dat die lede met instemming van almal amptelik bevestig was en geen uitsondering kon nou skielik vir Kadalie gemaak word nie. Die minimum loon van 3s is toe met die ondersteuning van die Adviserende Naturellerraad-verteenwoordigers goedgekeur, want hulle was van mening dat baie werkers sodoende onmiddellik bevoordeel kon word. Die kommissie het ook aanbeveel dat die stadsraad, wat die volgende dag die kommissie-aanbevelings sou beaam, die Loonraad moes nader om wetlike stukrag aan die besluit te gee. Verder moes ook toegesien word dat werkers wat gewoonlik nie die ICU-vergaderings bywoon nie, van al die besluite verwittig word.[55]

So is hierdie loonsage van 1926, wat die owerheid betref, afgehandel en die stadsraad en ander werkgewers het hulle gereed gemaak om vir die verhoogde uitgawes voorsiening te maak.[56] Uit heelwat gematigde swart kringe is die aanpassing wat deur onderhandeling in plaas van gewelddadige agitasie bewerkstellig is as 'n genoegsame oorwinning vir die oomblik beskou. Hulle eie stem, soos verteenwoordig deur die Adviserende Naturelleraad wat immers hul wettige verkose lede was, is ten minste in die raadskamer aangehoor, is verder verklaar.[57]

53 VPAB, MBL 1/1/1/23, Minutes of a special meeting of the Town Council, 25 Februarie 1926.
54 *The Friend*, 24 en 25 Februarie 1926; 4 Maart 1926.
55 *The Friend*, 27 Februarie 1926.
56 VPAB, MBL 1/1/1/24, Minutes of a special meeting of the Town Council, 3 Mei 1926.
57 *Umteteli wa Bantu*, 6 Maart 1926.

Die ICU neem weer die strydbyl op

Bogenoemde kommissiewerksaamhede was skaars afgehandel of Kadalie het aangekondig dat die kwessie nie nou net meer oor hoër lone sou handel nie, maar om die erkenning van die ICU nadat sy deelname aan die kommissie verwerp is – massa-aksie en selfs 'n staking was in die pyplyn met kennelik die ondersteuning van myn- en dokwerkers, aldus dié leier.[58] Op sy beurt het die president van die ANC, ZR Mahabane, die ICU-leiers in Bloemfontein gewaarsku dat 'n staking in dié stadium futiel sou wees omdat daar nie 'n verenigde front onder swart organisasies is nie.[59]

Die Sondag na afloop van die loonkommissie se uitspraak, het Kadalie, 'Mote en Maduna vroeg die strate van die swart woonbuurt ingevaar om hul ondersteuners op te kommandeer om tydens die middaguur by die oop terrein naby die Batho-gemeenskapsaal bymekaar te kom. Blykbaar het etlike duisende werkers hieraan gehoor gegee en in hul toesprake het die leiers die wit owerheid, plaaslik en nasionaal, vir alles en nog wat gekritiseer en aangekondig hulle is op pad na die Loonraad om hul saak persoonlik daar te stel.[60]

Gebelgd deur die "afjak" wat hul leier by die plaaslike loonkommissie gekry het, het die ICU leedvermakerig op 3 Maart 1926, dieselfde dag as wat die plaaslike owerheid en ander werkgewers gereël het om bona fide swart werkers in die Batho-gemeenskapsaal te ontmoet om in detail die loononderhandelinge aan hulle oor te dra en die 3s te regverdig, 'n "opponerende byeenkoms" gehou. Om te verseker dat 'n bandelose groep nie die saal-verrigtinge ontwrig nie, is toegangskaartjies deur die stadsraad aan die ware werkers voorsien.[61]

Die ICU het in die onmiddellike omgewing van die saal byeengekom en hul bes probeer om diegene op pad na die saal met opruiende toesprake weg te lok, en grootliks daarin geslaag. So het 'n situasie ontvou waar slegs sowat 60 swart mense na die amptelike owerheidsverslag geluister het, terwyl buite die gebou etlike honderde hul ore aan die "vuurwerke" van Maduna en sy meelopers uitgeleen het. In die saal is die ICU weer as manteldraaiers afgemaak omdat hulle onderneem het om hul volgelinge te oorreed om die ooreengekome minimum loon te aanvaar en skaars die vergadering verlaat het toe swaai

58 *The Friend*, 25 Februarie 1926.
59 *The Friend*, 27 Februarie 1926; *Umteteli wa Bantu*, 6 Maart 1926.
60 *Die Volksblad*, 1 Maart 1926.
61 *The Friend*, 4 Maart 1926.

hulle om. Hulle gedrag is as skandalig beskou en daar is op gewys dat die knap en langsdienende werkers gewoonlik meer as die vasgestelde minimum loon kry.[62] BM Mlamleli, visevoorsitter van die Bloemfontein Standholders' Association het die blokmanne (lede van die Adviserende Naturelleraad) geprys vir hul standvastigheid om die kommissie-verrigtinge tot voordeel van die laag geskoolde werkers – volgens sy eie woorde is hulle dikwels "illiterate, ignorant and stupid" – deur te sien en nie soos die ICU-lede halsstarrig die wyk te neem nie.[63]

Op sy beurt het *Umteteli wa Bantu* ook die roede ingelê oor die ICU se onttrekking aan 'n onderhandelde skikking en die terugspring op sy woord: "The bellicosity of I.C.U. minions was reawakened, excited audiences responded to impassioned speeches and Waaihoek was again unrestrained, seething with a discontent engineered by the dictator from Nyasaland [Kadalie]".[64]

Om munt uit die woelige loonsituasie in Bloemfontein te slaan, het die hoofkantoor van die ICU landswyd oordrewe gerugte versprei dat die stad 'n "seething cauldron of unrest" is, swart werkers reg vir aksie en 'n staking is, en dat die organisasie die asemrowende getal van 18 000 swartes na sy genoemde "opponerende"-opelugbyeenkoms getrek het – dít terwyl die totale swart bevolking van Bloemfontein, vrouens en kinders ingesluit, net oor die 20 000 in daardie stadium beloop het! *The Friend* het ietwat smalend opgemerk dat sou die geweldaanblasende uitsprake van die swart demagoë in ICU-kringe hul ondersteuners, gewoonlik uit die bandelose en wettelose geledere, enigsins tot voorvalle lei wat 'n teenreaksie van wetstoepassers sou genoodsaak, hierdie plaaslike leiers – the "wind-bags of Waaihoek" – waarskynlik blitsig die hasepad sou kies of indien aangekeer, teen hulle eie mense draai.[65]

Die plaaslike owerheid het sy onderneming om die vasstelling van die minimum loon op 3s deur die Loonraad amptelik te bekragtig, gestand gedoen en selfs 'n deputasie, bestaande uit Harris (voorsitter van die Komitee vir Naturellesake), raadslid Franklin en Cooper (lokasiesuperintendent) saamgestel om die kwessie op 22 Maart 1926 met die Loonraad in Pretoria op te neem.[66] Hoe hard ook al probeer is om dit te bewerkstellig, was daar te veel

62 *The Friend*, 4 Maart 1926; *Die Volksblad*, 5 Maart 1926.
63 *The Friend*, 4 Maart 1926.
64 *Umteteli wa Bantu*, 6 Maart 1926.
65 *The Friend*, 6 Maart 1926.
66 VPAB, MBL 1/2/4/1/9, Minutes of an ordinary meeting of the Native Affairs Committee, 18 Maart 1926; VPAB, MBL 1/1/1/23, Minutes of a special meeting of the Town Council, 26 Maart 1926.

onoorkomelike amptelike rompslomp. Een van die grootse struikelblokke was egter die Loonraad se standpunt dat dit diskriminerend is om sodanige wetgewing te hanteer wat slegs swart werkers in die stad ter wille is terwyl dit nie op wit werkers van toepassing is nie.[67] Anders gestel, kleur mag nie 'n rol in die geval gespeel het nie, dit wil sê daar mag nie tussen werkgewers en werknemers van verskillende kleur gedifferensieer word nie,[68] en die stadsraad se hele uitgangspunt was juis dat dit om swart en nie wit lone gegaan het nie.

Ook die ICU se poging om by die Loonraad sy voet in die deur te kry deur daar aan te dring dat 'n minimum loon van 3s 6d.[69] vir Bloemfontein moes geld, het die wind van voor gekry omdat die raad hulle nie as verteenwoordigend genoeg beskou het om namens alle bona fide ongeskoolde swart werkers op te tree nie.[70] Die stadsklerk het die Loonraad in kennis gestel dat hulle 21 wit en 888 swart ongeskoolde werkers in diens het en dat slegs 270 van hulle dié aansoek ondersteun het.[71]

Simon Elias se hofsaak

Dit blyk dat nieteenstaande al die opruiende toesprake tydens die 1926-loongeskil in Bloemfontein net een vooraanstaande leier die binnekant van 'n hof gesien het, te wete Simon Elias. Elias, wat daarvan beskuldig is dat hy oordadig oorboord gegaan het om geweld aan te stook, het op 24 Maart 1926 in 'n voorlopige verhoor in die hof – stampvol van sy ondersteuners – verskyn nadat hy sowat twee weke tevore aangekeer is. Net soos Msimang wat tydens die 1919-loonagitasie op soortgelyke aanklagte ook in die hof verskyn het, was Elias die man van die oomblik. Veral sy beweerde uiting dat hy, Maduna en 'Mote sou werk om van Bloemfontein die nuwe swart Jerusalem te maak sodat wit mense vertrap kon word, dat die ganse swart bevolking van 23 000 die stad moes binnestorm want die wittes sou nie kon skiet as hulle te midde van laasgenoemde is nie en nadat gewere by winkels buitgemaak is, sou die wit mens 'n ding gewys word as die tyd ryp is, het as 'n ernstige aanklag gedien. Die beskuldigde is toe formeel ter strafsitting verwys en op borgtog van £100 vrygelaat.[72]

67 VPAB, MBL 1/1/1/23, Minutes of a special meeting of the Town Council, 19 Maart 1926.
68 *Umteteli wa Bantu*, 3 April 1926.
69 Eers aan die einde van die 1920's is hierdie minimum loon in werking gestel nadat die Loonraad die kwessie onder die loep geneem het. Vgl. *Die Volksblad*, 18 Julie 1928; CJP le Roux, "Die Bloemfonteinse oproer van 1925", *Contree*, 29, April 1991, p. 28.
70 *The Friend*, 20 Maart 1926; 15 Julie 1926; 15 Oktober 1926; 2 Februarie 1927.
71 VPAB, MBL 1/2/4/1/10, Minutes of an ordinary meeting of the Native Affairs Committee, 3 November 1926.
72 *Die Volksblad*, 25 Maart 1926; K Schoeman, *Bloemfontein – Die ontstaan van 'n stad...*, p. 252.

Op 6 en 7 Mei 1926 het die 38-jarige Elias se saak voorgekom dat hy geweld aangehits het. Dit was nie die eerste keer dat hy die binnekant van 'n hof gesien het nie – voor dit was hy reeds drie keer aan diefstal skuldig bevind en gevonnis tot tronkstraf of 'n boete.[73]

Die bekende Sir Etienne de Villiers, regter-president van die Vrystaat, was op die bank. Die saak het egter nie vêr gevorder nie. In die getuiebank vir die staat was speurder CF Pitt wat getuig het dat hy tydens die hele afgelope loonagitasie sowat 30 driftige vergaderings bygewoon het waar Elias in opruiende toesprake geweld gepredik het. Volgens sy aantekeninge by die geleenthede sou die beskuldigde geopper het dat hy wit mense die land wou uitboender, weet hoe om hul dood te maak, bereid is om te sterf vir sy saak, dat stakings gepaard kon gaan met bloedvergieting en hy bereid was om eerste te sterf in die proses. En verder: "As die owerheid met gewere kom, sal die Allerhoogste hulle met die bliksem tref en hy wat Elias is, sou ook in bevel wees om vir sy volgeling te skreeu 'saa!', storm hulle. Wit mens is glo ook as varke en lui bokkers uitgekryt".[74]

Advokaat WJ de Jager vir die beskuldigde het die getuienis van Pitt fyngemaal toe hy kon aantoon dat dit op hoorsê geskoei is en dat die man skaars Tswana, die taal waarin die toesprake gewoonlik gehou is, kon verstaan. Eers as dit na Xhosa en Engels deur tolke by die vergaderings omgesit is, kon hy uitmaak wat aangaan. Die verdediging het daarop gewys dat die tolke die ware betekenis wat gesê is, kon verknoei. [75]

J Poko, 'n swart speurder wat ook getuig het, se verklarings het ook nie water gedra nie omdat hy nie juis aantekening gemaak het nie – dié wat hy kon voorlê was buitendien verwarrend – maar op sy geheue staatgemaak het om, waar hy van die Elias-vergaderings bygewoon het, die sogenaamde gewraakte uitlatings te onthou.[76] Elias is onskuldig bevind en ontslaan.[77]

73 VPAB, Argief van die Griffier van die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Hierna HG) 4/1/2/1/240, no. 124/1926, Supreme Court: King versus Simon Elias, 6 en 7 Mei 1926.

74 VPAB, HG 4/1/2/1/240, no. 124/1926, Supreme Court: King versus Simon Elias, 6 en 7 Mei 1926.

75 *The Friend*, 7 Mei 1926.

76 *Die Volksblad*, 7 Mei 1926.

77 VPAB, HG 4/1/2/1/240, no. 124/1926, Supreme Court: King versus Simon Elias, 6 en 7 Mei 1926. Later sou hy hom weer in die hof bevind op 'n aanklag van swendelary waarvoor hy skuldig bevind is en daarna op 'n aanklag dat hy 'n woning wederregtelik verkoop het, maar waarvoor hy onskuldig bevind is. Vgl. VPAB, HG 4/1/2/1/341, no. 232/1937, Supreme Court: King versus Simon Elias, 1937; VPAB, HG 4/1/2/1/362, no. 30/1940, Supreme Court: King versus Simon Elias, 1940.

Slotbeskouing

Die swart werkers van Bloemfontein en hul leiers het ‘n sterk saak gehad om in 1926 weereens vir beter lone te agiteer. Talle ongeskoolde werkers het steeds lone ontvang wat onder of net op die broodlyn was. Daar was werkgewers wat ‘n skaflike minimum loon aangebied het, maar so ook diegene wat belaglik lae lone betaal het.

Die stryd om hoër minimum lone in die tyd het egter gebuk gegaan onder strydende faksies in die swart gemeenskap wat negatief daarop ingewerk het. Aan die een kant was daar die grotendeels gematigde swartes wat aanklank by die plaaslike Adviserende Naturelleraad gevind het en wat op ‘n vreedsame wyse tot ‘n skikking wou kom. Aan die ander kant was daar die invloed van die nasionale vakbond ICU op Bloemfontein waar die lede en ondersteuners, waarvan heelwat werkloos en belhamels was, en hul leiers dikwels deur opruiende, soms selfs met rassistiese ondertone, uitsprake en dreigemente van stakings en geweld, die kwessie wou benader. Tussen hierdie twee pole was die stadsraad en ander werkgewers vasgevang.

Met sy onrealistiese eise van tot ‘n 100% verhoging het die ICU die kwessie dus dikwels meer skade as goed gedoen en hulle is deur die owerheid as ‘n onbetroubare onderhandelingsvennoot gesien. Maar tog het die ICU se intimiderende en opruiende optredes in ‘n sekere sin die loonstryd bevoordeel. Veral die leiers van die ICU was besig met ‘n fyn politieke spel om resultate te kry. Aan die een kant was daar die opruiende toesprake en opvallende dreigemente van ‘n revolusie en geweld as hulle nie hul sin kry nie, net om weer te paai dat hulle nie geweld as ‘n oplossing beskou nie en deur sinvolle debat tot ‘n vergelyk wou kom.

Hierdie aanhoudende wisselende uitsprake tussen bloed en vrede het natuurlik die wit heersers en werkgewers ongemaklik en senuweeagtig, en selfs skrikkerig vir ‘n bloedbad soos die vorige jaar, gelaat. So kon dit stellig bygedra het om die wit werkgewers te dwing om die kwessie spoedig aan te spreek. Bygesê, die swart betoog, uit watter kringe ook al, het meermale meriete gehad wat die wit werkgewers en leiers nie ontgaan het nie en meermale het hulle verkondig dat hulle begrip vir die swart mense se stryd om hoër lone het en deeglik besef daar moes aanpassings wees. Maar terselfdertyd is vasgestaan dat daar nie aan buitensporige eise onder opruiende agiterende toestande gehoor gegee kon word nie omdat dit ekonomies net nie sin sou maak nie.

Hoe ook al, die swart leiers en werkers in Bloemfontein uit watter groepering ook al se volhardende agitasie om beter lone en werksomstandighede ondanks etlike struikelblokke, het *Umteteli wa Bantu* in hierdie tyd tereg laat opmerk: "Bloemfontein has won fame as the venue of the Native fight for beter labour terms".[78] Maar etlike dekades sou nog moes verloop alvorens die lot van swart werkers werklik verbeter het.

78 *Umteteli wa Bantu*, 6 Maart 1926.